



### BESKRYWING VAN DIE VAK:

Rekenaartoeappings-  
tegnologie is die studie van die  
geïntegreerde komponente  
van 'n rekenaarselstel  
(apparaat en programmatuur)  
en die praktiese tegnieke om  
dit effektief te kan gebruik en  
aan te wend om daaglikse  
probleme op te los. Die  
oplossings van probleme  
word ontwerp, bestuur en  
verwerk met behulp van  
eindgebruikersprogrammatuur  
en word gekommunikeer  
met behulp van  
toepaslike inligtings- en  
kommunikasietegnologieë  
(IKT's).

IKT's is die kombinasie  
van netwerke, apparaat en  
programmatuur asook die  
betrokke kommunikasie- en  
samerwerkingsmiddele wat die  
verwerking, bestuur en uitruil  
van data, inligting en kennis  
moontlik maak.

# KOSTER

GEKOMBINEERDE SKOOL



## INHOUD VAN DIE VAK:

### TEORIE:

- hardware, sagteware en netwerkomgewings;  
inligting en kommunikasie tegnologie in verskillende  
omgewings;
- rekenaartek, sekuriteit en virusse;
- ergonomiese-, gesondheid- en veiligheidskwessies;  
sosiale- en omgewingskwessies;
- die gebruik van 'n bedryfstelsel, insluitende  
lêerhantering en algemene foutopsporing;
- bevoegdheid in die invoer en manipulasie van data;
- effektiewe gebruik van applikasie programme;
- integrasie van die verskillende programme;
- effektiewe kommunikasie;
- inligtingsbestuur;
- vind, versamel, analiseer en evaluering van data;
- organiseer en prosessering van inligting in  
verskillende formate;
- aanbieding en kommunikasie van inligting.

### PRAKTIES:

- Toepassingspakette
- (Ms Word, Excel, PowerPoint, Access en Webontwerp  
d.m.v HTML)

### MOONTLIKE STUDIERIGTINGS:

- Die vak laat toe dat leerders basiese tot gevorderde  
rekenaar eindgebruiker vaardighede kan ontwikkel  
(MsWord, Excel, Access, Powerpoint, Outlook).
- Dit verseker dat leerders verskillende  
loopbaanrigtings in verskeie velde kan betree, of dat  
hulle hierdie vaardighede kan toepas om werk te  
skep vir hulself of vir ander.
- Rekenaartoeappingsstegnologie is 'n handige vak,  
omdat rekenaarvaardighede deesdae 'n vereiste is vir  
alle studierigtings, asook beroepe.
- Kantooradministrasie.
- Entrepreneurskap.

